

Gesonde grond beteken gesonde plante

Die verskeidenheid grondsoorte wat binne distrikte en selfs op plase voorkom, is kenmerkend van Suid-Afrika se landbougebiede. Dit is egter nie net die soort grond wat produksie en opbrengs beïnvloed nie – die grondgesondheid speel net so 'n belangrike rol.

Die herstel van grondgesondheid en -vrugbaarheid behoort vandag die vertrekpunt van volhoubare boerderypraktyke te wees, veral in gevalle waar dit deur vroeë praktyke benadeel is. Grondbestuurspraktyke wat grondgehalte bevorder, kan 'n groot hidrae tot verhoogde opbrengste en graangehalte lewer, en dus tot winsgewendheid en volhoubaarheid.

Daar is 'n direkte verband tussen grond- en plantgesondheid. Hoe vrugbaarder die grond is, hoe gesonder sal die plante wees en hoe minder sal plante nadelig deur siektes en plae geraak word.

SNK220-65BR is 'n nuwe kultivar onder die Sensako-handelsmerk van Syngenta wat geskik is vir verbouing in geenbewerkingstelsels, onder volle of aanvullende besproeiing, of in hoëpotensiaalgrond. Hierdie kultivar se ontkieming is uitstekend.

Volgens mnr. Andries Wessels, saadprodukontwikkelingsbestuurder by Syngenta, skiet dié kultivar as't ware uit die grond. Wessels wys daarop dat plante wat lank neem om op te kom, vir 'n langer tydperk aan patogene van grondgedraagde siektes en swamme blootgestel word en dat dit op-

brenge baie nadelig kan beïnvloed. “Elke pit wat nie opkom en elke saailing wat nie in 'n volwaardige mielieplant ontwikkel nie, bring 'n potensieël opbrengsverlies mee.”

Wessels beveel nietemin aan dat die standaardspuitprogram vir blaarsiektes wat vir mielieaanplantings in 'n gebied geld, gevolg word.

Die aanbeveling vir die ideale plantestand vir hierdie kultivar onder vol besproeiing is 95 000-100 000 plante/ha en onder aanvullende besproeiing sowat 65 000 plante/ha. Die kultivar is geskik vir aanplantings in die warmer Noord-Kaap, Groblersdal, Limpopo, en Koedoeskop, Noordwes, maar boere in die oostelike produksiegebiede sal besonder baat vind by die hoër stande wat 'n goeie opbrengs op die saadbelegging sal lewer.

Die groeiseisoenlengte van SNK220-65BR is medium-vinnig en die afdroging is medium. Wat plantdatums betref, sal die beste opbrengste in besproeiingsdele verkry word met aanplantings wat reeds teen einde November in die grond is. As die besondere nat plantseisoen van die 2021-'22 seisoen in ag geneem word, meen Wessels dat hierdie kultivar in die komende seisoen juis so vroeg moontlik geplant moet word. “Hitte-eenhede is laag in be-

wolke toestande en vroeë aanplantings behoort beter vir hierdie toestande te vergoed.”

Stres gedurende sekere belangrike ontwikkelingsstadia van die mielieplant voor, gedurende en net ná opkoms kan opbrengs aansienlik verminder, sê Wessels.

“Dit is noodsaaklik dat mielies in 'n goed voorbereide saadbedding geplant word teen die optimale plantestand vir 'n bepaalde gebied en vir die spesifieke kultivar. 'n Egalige stand is uiters belangrik vir optimale plantontwikkeling gedurende opkoms.”

Plantdiepte speel ook 'n rol. Wanneer effens dieper (minstens 5 cm diep) geplant word, kan dit die vog- en temperatuurwisseling naby die grondoppervlak help oorkom.

Plantdatums is net so belangrik. As geplant word wanneer die grond te nat is, beïnvloed dit die toemaak van die plantvoor en verdigting.

Genoeg tyd moet dus toegelaat word vir grond met baie plantreste om af te droog voordat geplant word. Die stand word ook benadeel as daar geplant word terwyl die temperatuur 10 °C of minder is.

Wessels wys daarop dat grondtemperatuur belangrik is tydens, maar ook in die eerste paar dae ná plant.

Meerseisoendata ten opsigte



UITSTEKENDE KULTIVAR. SNK220-65BR, 'n nuwe kultivar onder die Sensako-handelsmerk van Syngenta, bied talle voordele. FOTO:SENSAKO

van weerpatrone is belangrik. Sneeu, koue, reën of verlengde tydperke van koue weer ná planttyd plaas die ontwikkelende plant onder stres, wat opkoms en plantontwikkeling nadelig sal beïnvloed.

“In koeler gebiede waar die grondtemperatuur geneig is om laer te wees tydens vroeë aanplanting, beteken sterk groeikragtigheid dat die kultivar minder gevoelig is vir koue, asook grasdoderskade. SNK22-65BR bied hier 'n ongelooflike voordeel.” **LBW**

NAVRAE: Web: sensako.co.za